# Hoofstuk van die dag: Levitikus 26

> *As julle my voorskrifte nakom, my gebooie gehoorsaam en daarvolgens lewe, sal Ek vir julle reën gee op die regte tyd, sodat die lande oeste sal lewer en die bome vrugte sal dra. (vers 3-4)*

Om deel van die heilige God se mense te wees, het verreikende implikasies, want die Here God is ’n besitlike God (Eks 20:5, 2020-vertaling). Hy gee om vir sy mense, en wil hulle graag oorlaai met sy seëninge – goeie oeste, vrede en veiligheid in die land, vrugbaarheid en sy blywende teenwoordigheid (vers 3-13). Dit gee Hy alles ruimhartig aan hulle wat naby Hom leef en sy voorskrifte nakom.

Die keersy daarvan is dat teenspoed en ellende oor hulle kom wat Hom die rug toekeer (vers 14-33). Dit is skrikwekkend, selfs om net te lees. En dit het helaas so gebeur met God se volk.

Dit is in ons eie tyd steeds waar. Mense wat naby God leef, ervaar sy seëninge (Matt 5:3-12), maar, waarsku Jesus: Mense wat nie heilig lewe voor God nie, word buite gegooi en vertrap (Matt 5:13).

Ek wonder of die toestand van ons land – korrupsie, moord, misdaad, armoede, onveiligheid – nie deel van dié oordeel is nie. God is heilig, en Hy verwag heilige lewens van sy mense.

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026